Sing vooraf: Psalm 72:1, 11

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 25:1, 2

Geloofsbelydenis Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 38:1

Wet

Psalm 38:1

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 51:1

Skriflesing: Levitikus 16

Teks: Levitikus 16:8

> **En Aäron moet oor die twee bokke die lot werp, een lot vir die HERE en een lot vir Asásel.** (Levitikus 16:8 AFR1953)

Die Here het die kerkvolk baie jare vooruit al met simbole geleer dat daar ’n groot versoendag kom.

- Op daardie dag gaan God die onrein mense rein maak;
- Hy gaan hulle sondes vergewe.
- Hulle gaan sonder skuld en met vrymoedigheid voor Hom aanbid.

Daarom moes Aäron een keer per jaar op die horings van die altaar versoening doen met die bloed van die sondoffer. Die Here se uitdruklike bevel was dat ***ook die nageslag*** een keer per jaar op die horings van die altaar versoening moes doen.

> **Die altaar is op ’n besondere manier gewy aan My, die Here.**
> (Eksodus 30:10 AFR83)

Ons let in hierdie preek op die volgende:

1. Die simboliek van alles op die versoendag
2. Die rol wat die offerdiere tydens hierdie versoendag gespeel het
3. Is die bok vir Asasel geoffer?
4. Profesie en vervulling

1. Die simboliek van alles op die versoendag

Op die groot versoendag moet daar vir die volk versoening gedoen word van al hulle sondes.

- Die volk moet dan ’n jong bul en ’n ram offer.
    - Die een is ’n sondoffer en die ander een ’n brandoffer.
    - Al twee is offers wat die volk met die Here versoen (vers 4).
- Dan moet Aäron nog twee bokramme ook as sondoffers vat en hulle by die ingang van die tent laat staan (vers 5, 7).

Die idee was dat die diere wat op daardie dag geoffer moes word, almal die versoeningswerk van die Here Jesus gesimboliseer het.

- Die feit is egter dat die Here Jesus se goddelike werk so magtig was dat dit hoegenaamd nie volledig deur diereoffers weerspieël kon word nie.
- Daarom moes daar verskillende diere in verskillende soorte offers geoffer word – en moes hierdie offers ook oor en oor herhaal word.
- Selfs die priesters en die mense wat hierdie offers uitgevoer het, was simbole van Jesus en sy versoeningswerk.

In die gedeelte wat ons gelees het, het ons so ’n konsentrasie van simbole en simboliese handelinge.

- Hier simboliseer alles saam die werk van God se Enigste Ware Hoëpriester wat vir sy volk sy volmaakte offer bring en hulle sondes van hulle af wegneem.

2. Die rol wat die diere tydens hierdie versoendag gespeel het

Nadat die bul en die ram geoffer is, moet daar twee bokke uitgesoek en na die hoëpriester toe geneem word. Die Bybel stel dit baie treffend: ***twee bokke moet voor die Here gestel word.***

Al twee die bokke moet ’n rol speel om die volk se sondes te versoen. Hulle beeld op twee verskillende maniere die versoeningswerk van die Here Jesus Christus uit.

- Bokke is gewoonlik die simbool van dit wat sondig is.
    - Die bokke is verteenwoordigend van die mens wat teen God in opstand en verset is.
    - Daarom simboliseer hulle ook die Here Jesus wat ’n menslike liggaam aangeneem het.
- Die een bok beeld die versoeningswerk van die Here Jesus Christus daarin uit dat hy self geslag word.
- Die ander bok beeld Jesus se versoeningswerk daarin uit dat Hy die volk se sondes wegneem.
- Die eerste bok moet sy lewe gee vir die saak, terwyl die tweede een in ’n sekere sin sy lewe behou.
- Die tweede een sterf ook, maar eers nadat hy met die volk se sondes uit die gesigsveld verdwyn het.

Hierdie twee bokke word nou al twee voor die ingang van die tent van samekoms gebring. Die Bybel sê: **voor die aangesig van die HERE**.

Die bedoeling is dat die Here nou sal sien wat daar met die twee bokke gebeur as hulle hier voor die tent van samekoms staan, en dat Hy dan ook sy seën op die gebeure sal laat rus.

Dan word die twee bokke uitgeloot aan twee persone:

- Die een bok word uitgeloot vir JHWH (die Verbondsgod).
- Die ander een word geloot vir Asasel.
    - Daar is baie twyfel oor wie Asasel presies is, maar die meeste Skrifverklaarders is dit eens dat dit ’n woestynduiwel moet wees. Ons lees op verskeie plekke in die Bybel dat die Israeliete geglo het in woestynduiwels.
    - In Deuteronomium 32:17 spreek Moses die volk aan omdat hulle in die woestyn vir die duiwels geoffer het. Psalm 106:37 verwys ook hierna.
    - Levitikus 17:7 is ook ’n vermaning dat die volk nie meer aan die veldduiwels offers moet bring nie.
    - Die Nuwe Testament sluit ook hierby aan, want ons lees in Matteus 12:43 die volgende:

      En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie.

Dit lyk asof die versoeking van die Here Jesus hierby aansluit, omdat dit ook juis in die woestyn plaasgevind het. Dit was vir die Satan die geskikte plek om die Seun van God te versoek.

2. Is die bok vir Asasel geoffer?

Ons moet hierdie saak baie nugter sien. Die volk het nie hierdie tweede bok geloot om dit aan Asasel te offer nie.

- Daar is geen sprake van offer nie, want dan sou ons met ’n vorm van duiwelaanbidding te doen hê.
- Wat gebeur is dat die sondes van die volk simbolies op hierdie bok gelaai word, en dan met hierdie bok na die Satan toe gestuur word sodat hy daarop kan teer.

Die ritueel wat die priester nou met hierdie twee bokke volg, is indrukwekkend.

- Eers word die bok wat vir die Here geloot is, geneem.
    - Terwyl die bok wat vir Asasel geloot is net daar bly staan, word die bok wat vir die Here geloot is, geslag en voorberei.
    - **Die sondebok moet dit sien.**
- Dan word die bok vir die Here geoffer, net soos die bul en die ram vroeër die dag vir die Here geoffer is.
    - Sy bloed word ook op die versoendeksel en voor die versoendeksel gesprinkel.
    - Kyk hoe word die versoeningswerk van die Here hier uitgebeeld. **Die sondebok sien dit alles.**
- Daarna word die sondebok na die priester toe gebring.
    - Hy plaas al twee sy hande op die lewendige bok se kop en doen belydenis van al die volk se sondes.
    - Dit is ook van hierdie gedeelte in ons Bybel waar ons spreekwoord vandaan kom dat iemand ’n sondebok gemaak word om ’n ander persoon van alle blaam te onthef.
    - Met hierdie simboliese handeling word al die sondes van die volk as ’t ware op die bok gelaai.
    - Kyk na die voorspelling van Jesus Christus se werk hierin: Hierdie bok is onskuldig, maar hy word die sondebok van die volk gemaak.

Wat word nou verder van hierdie bok? Ons lees dat hierdie bok deur ’n man in die woestyn ingejaag word. Vers 22 lees so:

> **. . . en Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur ’n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur. So moet die bok dan op hom al hulle ongeregtighede na ’n woeste land wegdra; en hy moet die bok in die woestyn los.** (Levitikus 16:21-22 AFR1953)

Die bok loop dan in die woestyn in met al die volk se sondes, en daar sterf hy van die honger en die dors.

Dit bring ons by die vervulling van hierdie simbole op die werklike versoendag.

- Die werklike versoendag was toe Jesus vir almal gesterf het wat aan Hom behoort, en al hulle sondes met God versoen het.
- Hy het daardie dag die sondes van almal op Hom geneem en daarmee en daarvoor gesterf.

Dit het letterlik gebeur, want die apostel Paulus sê dat die skuldbrief van ons sondes aan die Here Jesus se kruis vasgeslaan is.

- Die gebruik was dat ’n brief – waarop daar geskryf staan waarom hy nou juis hierdie dood moes sterf – vasgeslaan moes word aan die kruis van enige een wat ’n kruisdood sterf.
- Die Here beskou dit dat hierdie brief aan Jesus se kruis gelees het dat sy kruisiging vir al ons sondes was.

Die kontras tussen die twee bokke se funksies vat die kruiswerk van Jesus Christus saam:

- Hy word geoffer soos die bok vir JHWH.
- En Hy dra ons sondes van ons af weg soos die bok vir Asasel.

3. Profesie en vervulling

U kan nou met reg vra: Hoe kan dit gebeur dat die ritueel van twee offerbokke dit moet preek dat Jesus sou sterf, en ons sondes van ons af wegneem?

- Dit is omdat die Here ook deur die profete laat profeteer dat Hy ’n sondebok sal word – ’n veragte.
- Ons kry die volgende in Jesaja 52 en 53.

  > **Soos baie hulle oor U verstom het – so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos dié van ’n mensekind nie –** (Jesaja 52:14 AFR1953)

  > **Hy tog het soos ’n loot voor sy aangesig opgespruit en soos ’n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat, ’n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie ’n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.** (Jesaja 53:2-4 AFR1953)

Die profeet het ’n lang lys waarmee hy aangaan, maar vers vir vers hoor ons die beskrywing van die werk van hierdie twee bokke, maar veral van die sondebok: verag,

gesmaad. Hy stap daar weg met die krankhede en sondes van almal op hom.

Jesaja gee ook die oplossing van hierdie spannende saak: Waarom moes Christus wat die Seun van God is, dan nou so ’n spot en ’n sondebok gemaak word? Vers 10:

Maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak!

Omdat die mens se verstand te klein is om al Christus se werk te kan verstaan, word dit deur twee bokke gesimboliseer.

- Maar net totdat Christus kom, want toe kon ons met ons eie oë sien hoe die kontraste vervul is: Die kontras tussen God wees, maar ook sondebok wees.

Kyk net wat het werklik gebeur, veral dan in die laaste week van Christus se lewe.

- Die Here Jesus kom na Jerusalem toe – dit is God se stad en God se volk bly daar.
  - Hy kom met majesteit in die stad in – Hy ry op ’n esel, terwyl sy volgelinge skreeu en die Hosannas uitjuig.
- Met die Gesag van God gaan reinig Hy die tempel.
  - Hy maak daarmee alles reg vir die daad van versoening, want simbolies maak Hy daarmee die kerk van binne af skoon.
- Maar dan breek sy heerlikheid en sy koningskap af:
  - Hierdie Koning word gearresteer!
  - Hy word van die een owerste af na die ander een toe gestuur, sodat hulle oor Hom kan regspreek en oordeel oor Hom uitoefen.
- *In die hele proses word Jesus die sondebok gemaak van alles wat nie goed is nie– terwyl Hy uit Homself dit nie was nie.*

Dit word ’n lang nag waarin niemand slaap nie omdat almal ywer om hierdie Koning so tot sondebok verklaar te kry sodat Hy doodgemaak kan word.

- Die oggend gee die ongelowige wêreldregter Pontius Pilatus sy uitspraak: Hierdie man is onskuldig!
- Maar die volk skreeu: Kruisig Hom! Kruisig Hom! Laat sy bloed op ons en op ons kinders rus!

Voor ons geestesoog sien ons die bok wat voor die hoëpriester staan – onskuldig – maar wat belaai word met al die sondes en skuld van die volk.

Op daardie oomblik in Jesus se lewe begin die dieptepunt van sy ellendes aanbreek.

- Hy gaan as God se Hoëpriester sy offer bring.
- Maar die offer is ook Hyself: *Hy gaan doodgemaak word soos die eerste offerbok.*
- Hy dra ook die vloek van sy gelowiges – *soos die sondebok.*

Hier is baie dinge wat teenoor ons teksvers staan:

- In ons teksvers het die hoëpriester ’n bul en ’n ram geoffer. Hier word Jesus geoffer in hulle plek – want hulle het ook na Hom toe gewys.
- Jesus is ook offerbok en sondebok. Hy moet sterf om die uitverkorenes se sondes voor God weg te dra.
- Soos die sondebok word Jesus met sy kruis uit Jerusalem uitgedryf. Hy moet buitekant gaan sterf.

Wat kan mens daarvan sê? Miskien die woorde van Psalm 103:2:

Loof Hom wat jou van skuldelas onthewe

genadiglik die sondes wil vergewe.
Jou krankheid ken en liefderyk genees;
wat van die dood jou lewe weer verskoon het
met goedheid en ontferming jou gekroon het
en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Amen.

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 8:1, 4

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Opstandingsondag 8 April 2007 (oggend)